Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BScAgric Toegepaste Plant- en Grondwetenskappe (02133431)

Duur van studie	4 jaar
Totale krediete	573

Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die Toelatingspuntteling (TPT).
- Graad 11-uitslae word gebruik vir die voorlopige toelating van voornemende studente. Finale toelating is gebaseer op Graad 12-uitslae.

Minimum vereistes												
Prestasievlak												
Afrikaans of Engels				**Wiskunde**				**Fisiese Wetenskap**				**TPT**
NSC/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	NSC/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	NSC/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	
5	3	C	C	5	3	C	C	5	3	C	C	30

Kandidate wat nie aan die minimum toelatingsvereistes van die BScAgric (Toegepaste Plant- en Grondwetenskappe)-program hierbo voldoen nie, mag oorweeg word vir toelating tot die BSc – Verlengde program hieronder. Die BSc – Verlengde program neem 'n jaar langer om te voltooi.

BSc – Verlengde program vir die Biologiese en Landbouwetenskappe:

Minimum vereistes													
Prestasievlak													
	Afrikaans of Engels				**Wiskunde**				**Fisiese Wetenskap**				**TPT**
	NSC/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	NSC/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	NSC/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	
BSc – Verlengde program vir die Biologiese en Landbou-wetenskappe	4	3	D	D	4	3	D	D	4	3	D	D	24

Ander programspesifieke inligting

Samestelling van leergang
Keusemodules word geneem in oorleg met die departementshoof wat moet toesien dat dit by die vaste rooster inpas.

Die Dekaan kan in buitengewone gevalle, op aanbeveling van ’n departementshoof, toestemming verleen dat ’n

ander module(s) as dié in die leergange genoem, aangebied of erken mag word.

Bevordering tot volgende studiejaar

'n Student word tot die volgende studiejaar bevorder mits hy of sy 100 van die vereiste krediete wat in 'n studiejaar voorgeskryf word, slaag tensy die Dekaan op aanbeveling van die departementshoof anders besluit. 'n Student wat nie aan die vereistes vir bevordering tot die volgende studiejaar voldoen nie, behou krediete vir die modules waarin hy of sy geslaag het, en mag deur die Dekaan, op aanbeveling van die departementshoof, tot hoogstens 48 krediete van die modules van die volgende studiejaar toegelaat word, mits dit by die vaste rooster inpas.

Slaag met lof

Die BScAgric-graad word met lof toegeken indien die student 'n geweegde gemiddelde van minstens 75% in die modules van die hoofvakke in die derde en vierde jaar, en verder ’n geweegde gemiddelde van minstens 65% in die ander modules van die derde en vierde studiejaar behaal het.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 140

Minimum krediete:

Fundamenteel = 12

Kern = 128

Addisionele inligting:

Studente wat nie kwalifiseer vir AIM 102 nie, moet vir AIM 111 en AIM 121 registreer.

Fundamentele modules

Akademiese-inligtingsbestuur 102 (AIM 102) - Krediete: 6.00
Akademiese oriëntasie 102 (UPO 102) - Krediete: 0.00
Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111) - Krediete: 4.00
Language and study skills 110 (LST 110) - Krediete: 6.00
Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121) - Krediete: 4.00

Kernmodules

Inleidende genetika 161 (GTS 161) - Krediete: 8.00
Molekulêre en selbiologie 111 (MLB 111) - Krediete: 16.00
Wiskunde 134 (WTW 134) - Krediete: 16.00
Diereverskeidenheid 161 (ZEN 161) - Krediete: 8.00
Biometrie 120 (BME 120) - Krediete: 16.00
Inleiding tot mikrobiologie 161 (MBY 161) - Krediete: 8.00
Plantbiologie 161 (BOT 161) - Krediete: 8.00
Fisika vir Biologiese studente 131 (PHY 131) - Krediete: 16.00
Algemene chemie 117 (CMY 117) - Krediete: 16.00
Algemene chemie 127 (CMY 127) - Krediete: 16.00

Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 135

Minimum krediete:

Kern = 135

Kernmodules

Plantfisiologie en -biotegnologie 261 (BOT 261) - Krediete: 12.00
Volhoubare gewasproduksie en agroklimatologie 251 (PPK 251) - Krediete: 15.00
Inleidende grondkunde 250 (GKD 250) - Krediete: 12.00
Genetiese diversiteit en evolusie 261 (GTS 261) - Krediete: 12.00
Inleiding tot proteïne en ensieme 251 (BCM 251) - Krediete: 12.00
Landbou-ekonomie 220 (LEK 220) - Krediete: 12.00
Beginsels van plantpatologie 262 (PLG 262) - Krediete: 12.00
Inleiding tot landbou-ekonomie 210 (LEK 210) - Krediete: 12.00
Molekulêre genetika 251 (GTS 251) - Krediete: 12.00
Suid-Afrikaanse flora en plantegroei 251 (BOT 251) - Krediete: 12.00
Inleidende gewasbeskerming 251 (PLG 251) - Krediete: 12.00

Kurrikulum: Jaar 3

Minimum krediete: 154

Minimum krediete:

Kern = 154

Kernmodules

Grondchemie 320 (GKD 320) - Krediete: 14.00
Grondwaterverhouding en besproeiing 350 (PGW 350) - Krediete: 14.00
Beginsels van veldbestuur 310 (WDE 310) - Krediete: 12.00
Toegepaste entomologie 365 (ZEN 365) - Krediete: 18.00
Veldgewasse 361 (AGR 361) - Krediete: 14.00
Plantekofisiologie 356 (BOT 356) - Krediete: 18.00
Aangeplante weiding en voergewasse 320 (WDE 320) - Krediete: 12.00
Grondklassifikasie en kartering 350 (GKD 350) - Krediete: 14.00
Beginsels en praktyke 351 (HSC 351) - Krediete: 14.00
Bestrydingkunde 363 (PLG 363) - Krediete: 18.00

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 166

Minimum krediete:

Kern = 166

Kernmodules

Omgewingshulpbronevaluasie en -bestuur 450 (WDE 450) - Krediete: 15.00
Grondvrugbaarheid, grondmikrobiologie en plantvoeding 420 (GKD 420) - Krediete: 15.00
Gewasfisiologie 461 (APS 461) - Krediete: 15.00
Seminaar 400 (PGW 400) - Krediete: 15.00
Omgewingsbiofisika 450 (LKM 450) - Krediete: 15.00
Siertuinbou 490 (HSC 490) - Krediete: 15.00
Proefontwerp en ontleding 421 (PGW 421) - Krediete: 15.00
Onkruidwetenskap 413 (OKW 413) - Krediete: 15.00
Vrugteboomgewasse 420 (HSC 420) - Krediete: 15.00
Groentegewasse 410 (AGR 410) - Krediete: 15.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.